

# KAMMANUUS

Nr. 428 19 Junie 2017  
'n Publikasie van Onsdorp.com



## TOULEIER



## Chili se Durban boul ons skoon!

### Hoofstuk 3 Deel

**S**oos die selfversekerdheid groei, so kring ons verkenningstogte wyer en wyer uit. Dit was net 'n kwessie van tyd of ons durf die hoofstad Santiago self aan.

Sommer die met die intrapslag trek 'n verkeerskonstabel ons af. Ek het nie 'n idee wat om te verwag nie, want volgens my het ek NIKS verkeerd gedoen nie. Ek beweeg dan saam met die hoofstroom in die middestad in 'n breë pad met vier lane motors en hy pik my uit die menigte ander!

"Jy mag nie vandag in die stad wees nie," vertel die mannetjie my in Spaans. Eers wil ek my ek-verstaan-nie Spaans-nie kaartspeel. maar is te in die bek geruk en nuuskierig oor hoekom nou juis ek nie vandag daar mag wees nie. "Por que?" vra ek hom hoekom. Hy kom agter ek is 'n *estrangero* en verduidelik heel vriendelik dat slegs motors met nommerplate met 'n gelyke syfer eindig, daardie dag naby die middestad mag kom. MÔre is dit weer die ongelykes, soos myne, se beurt. Hy laat ons met 'n waarskuwing gaan.

Die volgende af naweek skiet ons langs die kus af tot by Viña Del Mar, die Durban van Chili. En baie meer. Dis feestyd vir kameraatjie en ek. Winkelsentrums met uitsoekkettingwinkels en toring- woonstelle, baie soos mens in die Strand in Suid-Afrika sien.

Met ogies wat blink, word ek skoongeboul met die aankondiging dat sy nou genoeg gehad het van alleen in Salamanca bly terwyl ek lekker tussen my maatjies daar hoog in die berge werk.

Wanneer ek dan met lang naweke afkom, val ons in elk geval dadelik in die pad na verafbestemmings soos dié. Wat kon ek sê? Twee maande later trek ons in 'n woonstel op die strand in. En ek bedoel óp die strand! Vanaf ons balkon op die tweede vloer laat sak ek net 'n mandjie met 'n tou en geld in tot op die sand. Dan laai die roomysmous vir ons yskoue 'helados' en ons kleingeld in.

Viña Del Mar is ook bekend vir sy kuns en musiekfeeste en ons was gelukkig genoeg om 'n eenmalige opelugoptrede van C.C.R. te kon bywoon. Wie sou nou ooit kon dink dat ons sou kon saam sing met " *I see a bad moon rising, I see troubles on the way,*" terwyl die volmaan opkom oor die skare langs die Stille Oseaan net 'n hanetreetjie van ons af.

Soos met alle stede en dorpe in Chili, het Viña ook sy sentrale park in die middedorp met als wat gewoonlik in al die ander dorpe daarmee gepaard gaan. Perdekoetse waarop jy deur die dorp kan gaan ry, stalletjies met als van spookasem tot leerbelde.

My gunstelingtydverdryf was natuurlik om op 'n Saterdagoggend af te sit park toe en een van die baie politoertrone te bestyg. Mens neem stelling in op 'n egte leer, amper rusbank tipe stoel, taamlik hoog bokant die grond.

Jy word dan 'n plaaslike koerant in die hand gestop. Van hierdie verhewe pos ervaar en bekyk jy rustig oor jou koerant, die mensdom om jou terwyl die man met sy borsels en lappies aan die werk spring. Eers word jou skoene so aan jou voete skoonmaak.

Dan word hulle met die hand ingevryf met politoer terwyl jou voete als ervaar. Die ondervinding duur maklik 45 minute tot 'n uur en in daardie tydjie word jou voete so gepamperlang dat jy voel jy sweef êrens tussen hemel en aarde. Viña del Mar, wingerd langs die see, 'n plek wat ek maklik weer sal opsoek, al is dit net vir die Osso Bucco!

**HENNIE GREEFF**  
**UITGEWER**  
**Onrusrivier**  
**pos@onsdorp.com**

# Om die kampvuur

**Griekwa 10 Gebooie**

1. Net onse Jirre issi Jirre.
2. Onse Jirre is jaloers as jy 'n annir Jirre loop soek.
3. Jy magi Jirre sê wannir jy willie.
4. Jy magi skyfte bou of bok loop soek opi Jirre se dag nie.
5. Sorg dat jou se pa en ma altyd ini koelte sit en baja nama bessies eet.
6. Jy magi jou se broer jimmel toe slat nie.
7. Jy magi by annir man se vrou loop lê.
8. Jy magi annir man se kalbasse en bokke loop vati.
9. Jy magi liegpraadikies oor annir liegie.
10. Jy magi met lang oge na annir man se goete kykie



## Limeriek

'n Brose jong maagd  
van Benoni  
sê immer en altyd:  
"Ninoni!"  
Haar kêrel sê: "Jinne!  
Ag, kom tot jou sinne,  
want ek kan dit glad  
nie meerhoni!"  
- Deur Philip de Vos

Die huwelik is  
wonderlik, sê Koos.  
Dit beteken jy het  
iemand met wie jy al  
die probleme kan  
deel wat jy nie sou  
gehad het as jy  
ongetroud was nie.

## Uitdrukkings

Uit Robertson se wêreld:

- Sy stem klink soos 'n brommer in 'n blik.
- So nugter soos 'n katmanneltjie wat in 'n reënbalie geval het.
- En as jy nou so sonder arms is? (afsydig word, eenkant staan).
- Elfuur begin die duiwel loer, en van twaalfuur jol hy saam.
- So besig soos 'n oopgesteekte miernes.
- So sedig lyk soos 'n koster met nagmaal.
- Hy glip by die deur uit soos 'n tienrandnoot uit 'n beursie.

## Uit die Boereoorlog

Die jong seun en sy pa lê in 'n loopgraaf.

Seun: "Pa, hoeveel Engelse is daar aan die opmars?"

Pa: Hulle is ongeveer tien duisend.

Seun: En hoeveel man is ons Boere hier?

Pa: Ons is vyftig.

Seun nadat hy so 'n rukkie dink:  
"So dit beteken dat ons vandag  
weer laat gaan klaar kry!"

**V: Hoe laat jy 'n Tata vinniger teen 'n bult uit loop?**

A: Laai die passasier af.

**V: En wat van bult-af?**

A: Skakel die enjin af.

## Hoe blaas jy doppies?

"Maak dat jy wegkom! Gaan blaas doppies, ek is besig!"

'n Dop is die hulsel van 'n saad-korrel wat as dit leeg is maklik weggewaaï word. Om te gaan doppies blaas, is dus net so nutteloos as tydverdryf as om na die hoenders te gaan – wat dieselfde idee oordra.

### BLOU MAANDAG

Nee, dit het niks met wasgoed en wasdag te doen nie.

Die byvoeglike naamwoord *blaauw* het in die Middeleeue en ook later die betekenis "nietig" of "van min waarde" gekry.

'n Blou Maandag was dus 'n Maandag van geen besondere betekenis nie, terwyl Sondag die feesdag was waarop daar nie gewerk is nie.

### DOWE NEUTE

**Iets nie om dowe neute doen nie.**

In Nederlands is 'n *dowe noot* 'n leë neut, dus sonder inhoud in die dop.

'n Mens doen dus nie moeite vir 'n nuttelose voorwerp nie.

### WIT OLIFANT

In die ou Siam (Thailand) is 'n wit olifant as heilig beskou. As 'n howeling 'n koning geïrriteer het, het hy 'n wit olifant as geskenk gekry.

Omdat die dier heilig was, moes hy genoeg kos en water kry en het hy ook nie gemag werk nie.

En dan het hy tot 250 kg kos per dag verorber!

# Duskantlander in Anderkantland

## Hoë hakke en harde baard

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.



**G**root is my verbasing toe 'n wildvreede man die deur voor my ooppluk en beduie ek moet instap. Ek is nie verbaas oor sy gelante gebaar nie, maar dis 'n dames poeierkamer in 'n inkopiesentrum, en ek vermy openbare badkamers soos griepinspuitings. In Akkra moet mens die ongeskrewe reëls van mans weer van vooraf leer.

Hierso is alle mans bo die ouderdom van elf, totaal en al sokkergek, en almal ondersteun bekende Europese spanne. Daar is geen verwarring as hulle in groot troppe bymekaarkom en uitbundig rondspring en juig wanneer doele aangeteken word nie. Hulle eie span hoef nie eens te speel nie – enige lewendige sokkeruitsending sal doen. Onmiddelik na afloop van die wedstryd sit hulle die drinkding nee, en skoert huiswaarts want min van hulle het veel alkohol-lus.

Die mees effektiewe afpersing is wanneer 'n vrou in trane uitbars. Ek erken ruitelik ek het al in krokodilrane met lopende snot en 'n bygaande pynende kern vanuit 'n verknorsing gekom toe ek van die pad afgetrek is.

"Reguit woorde" is eenvoudig die beste raad wat ek enige iemand iets nuuts kan gee. Ons kompleks se swembadwater is loutwarm 24/7, maar die miniskare wat jou kom aanstaar moes ek gou ontmoedig. Die tuinier kom skielik die plante water gee, die sekeuriteitswagte kom stadig hulle rondtes stap en haak vas. Sels die skoonmakerspan is skitterend aanwesig die oomblik as ek my handdoek oopgerol het. Dames, moenie skimp dat jy privaatheid benodig nie, moenie raad uitdeel en aanbevelings maak nie, hulle kóp dit nie. Praat reguit, sê hulle moet weggaan en wegbly tot jy klaar geswem het.

"Ja" en "nee" is aanvaarbare antwoorde aan elke Jan-en-sy-maat vir baie persoonlike vrae vra soos: "Hou jy van Ghana?" "Is jy getroud?" "Voer jy jou kat?" Maar die 'stilbly-antwoord' is 'n reaksie waarmee hierdie manne nie mee kan deel nie.

Taxi drywer: "You are looking fine today!"

". . ."

Pakker by Kassiere: "I want to marry your daughter!"

". . ."

Assistent by I-shop: "I like a big brain woman, can you teach me?"

". . ."

Manne hierlangs is klokslag onthuts as hulle hoor jy het een of ander ingenieursgraad of tegniese kwalifikasie en skroom nie om te vra of jy langer as normaal geneem het om dit te bereik. Hulle stel hulleself voor as "Michael, ingenieur-Michael" of "Larry, CA-Larry" en wees gereed om bo-oor of doodgepraat word in 'n geselskap want vroue is mooier toebêk op die arm, en nog stiller in die hoek.

Krawatknope en rooi satynsakdoeke met snyerspakke is alledaags. Manne wat soos poue pronk in fyn gewaad en duur parfuum is aan die orde van die dag. Hulle is nie verfynd nie, maar dring aan op die aandag wat hulle toekom. Met duur donker motor, groot oordrewe polshorlosie en goue telefone sal hulle op en af deur die restaurant stap en kliphard die een of ander saketransaksie bespreek. Basta met etiket en privaatheid, hy sal gesien word. Ander se status word gemeet aan die dames op 12 sentimeter hakke en aandrokke aan sy tafel en die konjak wat hy met cola meng. Getroude mense pas bymekaar, presies dieselfde lap is gebruik vir hulle uitrustings, insluitende die 4 kinders se rokke en hemde.

Manne se hare en hardebard word so te sê poenskop geskeer. Fênsie golwe en strepies word kunstig tot op 'n paar millimeter gekap en gestyl. Ekstra wollerigheid op die kop is 'n teken van swaar tye en die rede dat jy 'n haarkapper nie kan bekostig nie. Dieselfde geld 'n vuil motor. Jy *über* eerder as wat jy met 'n vuil motor rondrits.

Nou ja, toe stap ek fluks in daardie openbare badkamer in, sit nuwe lipsel aan en storm onder 'n minuut weer uit, verlig daar's geen teken van die galante heer nie.

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## SPAARSAMIG

'n Besorgde ma vra haar dogter uit oor haar nuwe kêrel. "Spaar hy darem sy geld?" vra die ma. "Ja, Mamma," kom die antwoord, "ek's nog skaars in sy kamer, dan skakel hy al die lig af".

## VRYSTAATSE BOER

Die vliegtuig was op pad na die OR Tambo lughawe toe dit in 'n geweldige storm invlieg. Dinge word al rowwer, en een van die vlerke word deur weerlig getref.

Een van die vroue op die vlug haak heeltemal uit. Sy gaan staan voor in die gang en skree: "Ek is te jonk om te sterf! Maar ek het een laaste wens as dit dan moet: Is hier enigeen op die vlug wat my vir oulaas soos 'n VROU kan laat voel?"

Stilte. Almal kyk na haar. Toe staan 'n Vrystaatse boer agter in die vliegtuig op en stap vorentoe.

Hy is aantreklik, lank en sterk gebou. Hy stap tot by die vrou, en knoop sy hemp stadig los.

Niemand praat of roer nie. Almal staar na hom en sy gespierde bolyf.

Sy sluk na haar asem.

Hy fluister: "Stryk my hemp, en bring vir my 'n koue bier."

## BEKKIGE KIND

Die pa neem sy vierjarige dogtertjie eenkant, en sê:

"Ek sien die ooievaar het oor ons huis gevlieg, en ek dink hy gaan kort voor lank 'n bondeltjie plesier hier aflaa." "

"Wel," sê die dogtertjie, "pappa beter vir mamma hiervan vertel.

"Pappa weet sy is swanger, en so iets kan haar so groot laat skrik dat sy 'n miskraam kry."

## TELEURGESTELD

Sam loop sy vriend Billy raak.

"Jy lyk bietjie oes. Wat skort?"

"Wel, my oom is drie weke gelede dood en het my R50 000 nagelaat."

"Jammer van jou oom se dood."

"Twee weke gelede is 'n neef oorlede en hy het my R100 000 laat erf.

"Maar dis fantasties!"

"En verlede week is 'n ou vriend dood en hy het my R1 miljoen nagelaat."

"Baie geluk! Dis groot geld! Maar hoekom lyk jy so afgehaal?"

"Wel, ek het hierdie week nog niks gekry nie en dis reeds Vrydag."

## GROOT VERSKIL

Party mense het 'n skroefie of twee los. By ander ontbreek die hele gereedskapkis soms.

Dis vandag presies 'n jaar wat ek nie drink of rook nie. Ek draf elke oggend 10 km en in die aande spandeer ek 'n uur in die gym. Ek eet geen rooivleis en drink geen gaskoeldrank nie. Elke dag drink ek 8 liter water en nie 'n chocolate oor my lippe nie.

♦Ek weet nie wie dit geskryf het nie, maar ek voel stukke beter vir sy part.

## BC deur Johnny Hart



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

### Van Suutjiespoep tot Droëgat - byname is kultuurskatte!

#### Deur Corinus du Toit

Families het ook hul familiebyname. Die Du Toits, waaruit ek stam, het drie bynaamlyne. Daar is die Grootliegs, die Jammerhandjies en die Betingels, wat my lyn is. Die eerste twee is maklik om te verklaar, maar van die derde een se oorsprong weet nugter alleen.

Geseënd is hy wat deur sy lewe meer as een bynaam kry. Vaaljan word op 'n goeie dag sommer Jan Vaal-afval wanneer hy die kop en pootjies van 'n skaap met 'n sweisvlam skoon brand vir gebruik in 'n afvalgereg.

Gewoontes lei gewoonlik tot die mees beskrywende byname. Soms is die taalgebruik bietjie skerp, maar uiters beskrywend. Iemand wat heeldag loop en keelskoonmaak, moet aanvaar as hy Bromkaatjiesborsie word.

Dan was daar die oom wat die gewoonte gehad het om in geselskap in stilte af te blaas, tot almal se verleentheid. Sodra die eerste gas ongemak wys, het hy altyd sy hond geskop, asof dié nou die oorsaak is. Die arme dier was later so op sy senuwees dat hy al tjankende verkas het sodra hy die eerste klankie ruik.

Die oom is herdoop na Piet Suutjiespoep. So ook Tannie Koekiehol uit Namakwaland, wat nooit onderklere gedra het nie. Baie mooier egter is Dries, wie se jonger sussie nie sy naam kon uitspreek nie, se bynaam. As kannetjie het hy knaend hoed gedra, dus het hy Hoed vir haar geword, tot lank nadat hy uit die skool is. Sy was die enigste van sy ouers se vyf ander telge wat hom so genoem het.

Wat gebeur as tweetjies nou dieselfde eienskappe deel? Het hulle beide krom bene, word hulle maklik Castor en Camber n.a.v. 'n motor se wielsporing.

Hier in my wêreld is 'n plek met die naam Rondomkrans. As jy dit sien, is die naam vanselfsprekend. So kan Hans Rondomlelik net beteken dat die vent lelik is, maak nie saak uit watter hoek jy hom beskou nie.

Mooi Willem verwys waarskynlik presies na die teenoorgestelde. Oom Jan weer was 'n boorkontrakteur en nie baie suksesvol met die oopboor van water nie. Verstaanbaar waarom hy mettertyd Jan Droëgat geword het.

Vir die drinkebroers moet daar natuurlik ook voorsiening gemaak word. So kry Gert Proppe sy naam weens sy geloof dat as 'n bottel brandewyn oopgemaak word, dit leeg gedrink moet word - en daarvoor word die prop met die oopmaakslag platgetrap.

Uit die sakewêreld kom Johannes Kontant daar uit Suidwes se kontrei. Altyd alles in kontant gedoen, en ook altyd kontant by hom gehad. As iemand heeldag met 'n yslike skietyster op sy heup rondloop, word hy gou Daan Gun, in Engels uitgespreek.

**IBT** skryf van twee byname op Levubu: Jan Grobbelaar is Jan Blaar, en Jan Grobler is Jan Blêr.

**Kobus van Zyl** laat weet van twee neefs op sy geboortedorp met dieselfde name en vanne. Hulle het fisies van mekaar verskil deurdat die een 'n bietjie kort, geset en joviaal was, terwyl sy neef lank, skraal en altyd ernstig was. Die gevolg was dat die een Geil Karel was, terwyl sy neef Sedige Karel was.

**Hannes Dumas van Paterson** vertel van die treindrywer wat aan die stasievoorman die bynaam Wintermuskiet gegee he omdat hy altyd opgedaag het wanneer jy hom nie verwag het nie.

**Hennie Malan van Piet Retief** stuur die volgende paar:

Jack Spanner: Die arme man had 'n yslike litteken op sy voorkop.

Droogte: Dit spreek vanself. Sy dogter heet toe Lente.

En dan is daar my vriend Ossie. Nee, verkeerd geraai, hy het met 'n volstruis (ostrich) skoor gesoek.





## Bêre jou verwagtinge vir Engeland!

**Baie Suid-Afrikaners pak hul sakke vol verwagtinge vir Londen, maar die realiteit is baie anders!**

**Verwagting:** Jy is vasbeslote om nie soos ander Suid-Afrikaners in Wimbledon of "klein Suid-Afrika" te woon nie.

**Werklikheid:** Met huur wat die hoogte inskiet, word jy verplig om in Wimbledon met jou landgenote verblyf te deel. As jy gelukkig is. Anders woon jy op plekke waarvan jy nie eers geweet het nie. Ten minste is daar 'n SA winkel op jou voorstoep.

**Verwagting:** Jy is baie opgewonde oor die vooruitsig op 'n betroubare en funksionele openbare vervoerstelsel.

**Werklikheid:** Jy ontdek hoe duur die Tube is. Spitstyd laat jou voel soos 'n sardientjie en jou snot word swart van al die besoedeling. En die stakings. Jy het gedink stakings is uniek aan Suid-Afrika? Hahaha. Foeitog!

**Verwagting:** Jou vriende en familie sal vir jou biltong stuur.

**Werklikheid:** Jy betaal deur jou nek by die doeane en Engelse "biltong" is nog duurder en smaak aaklig. Of jy koop by die SA winkel en dan is dit al kos wat jy het.

**Verwagting:** Jy kan dikwels braai.

**Werklikheid:** Jou blyplek is te klein vir selfs die kleinste mobiele braaiertjie. En dit reën al die tyd. Engelse dink braai is 'n eenmalige somergebeurtenis en beskou dit as 'n prestasie as dit gebeur.

**Verwagting:** Lekker lang somersdae.

**Werklikheid:** As jy nie baie dik gordyne het nie, hou jou brein op om melanin te vervaardig. Jy sukkel om te slaap as die son eers om 22:00 onder gaan en weer om 04:00 opkom. Dit maak jou moeg en ongeduldig, veral as die treine weer staak.

**Verwagting:** Jy kan dwarsoor Engeland na interessante plekke reis.

**Werklikheid:** Reiskoste is duur en as 'n baba die vyfde keer oor jou opgooi, besluit jy om Europa aan te durf. Maar dis ook duur en die taalprobleme maak jou moedeloos. En jy moet steeds 'n visum vir Europa hê as jy nie 'n Britse paspoort het nie.

**Verwagting:** Jy sal hope vriende maak met mense van ander lande.

**Werklikheid:** Al jou vriende is Suid-Afrikaners. Die vriende van ander lande bestaan net op Facebook en jy sien hulle nooit. Hoofsaaklik omdat dit nie lyk of enigeen in Londen tyd het vir kuier nie. En dis te duur en vat te lank te reis.

**Verwagting:** Lekker koue bier in die kroeg in die somerson.

**Werklikheid:** Engelse drink hul bier warm. Daar is nie son nie. Jy kan ook nie bier bekostig nie want jy het al jou geld spandeer om by die werk te kom.

**Verwagting:** Jy sal Suid-Afrika nie mis nie.

**Werklikheid:** Jy mis hom. Baie. Selfs die klank van vuvuzelas. Ek klim so gou moontlik op 'n vliegtuig huis toe.

## Vier gholfspelers trek saam

Jan, Piet, Koos en Gert speel elke Saterdag golf. So besluit die manne dat hulle op Kersdag ook wil speel, maar hulle gaan moeilik by hul vroue verbykom.

Kersdag kom en almal daag op.

Jan: "Jissie manne, weet julle hoe duur het dit my gekos om hier te wees? Ek moes vir my vrou 'n diamantring koop!"

"Wat?" Sê Piet. "Jy dink jy het duur betaal?! Ek moes vir my vrou 'n vakansie oorseer koop!" "Dis niks!" sê Koos. "Ek is die ergste af, ek moes vir my vrou 'n splinternuwe BMW koop!"

"Nee manne!" sê Gert. "Dit het my nie 'n sent gekos nie. Vanoggend toe ek wakker word, toe klap ek vroulied so op die boud en sê: "Golf course or intercourse?"

Toe sê sy: "Onthou om jou hoed op te sit!"



## Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

Gaan na [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) en kyk uit vir jou eie van.

### Meyer

[samantha@wfreight.co.za](mailto:samantha@wfreight.co.za)

Samantha Meyer - My oupa is Nick Meyer getroud met Christa Meyer. My pa is ook Nick Meyer.

Hulle is van Springs, Gauteng.

### Erasmus

[huisarts@hotmail.com](mailto:huisarts@hotmail.com)

Ek het sopas my boek oor die nageslag van Cornelis Johannes Erasmus voltooi. Dit is gratis beskikbaar by bogenoemde eposadres.

**Janse van Rensburg:** [gertjvr@telkomsa.net](mailto:gertjvr@telkomsa.net)

Ek is Gerhardus Francois (03.06.1933) Het al my outobiografie geskryf, én my vader met dieselfde name (1893 - 1978) én my oupa Daniël Jacobus (1850 - 1931) s'n.

Ander vanne wat ingestuur is: Wessels, Gouws, Germishuys, Troskie en Van Zyl.

Gaan na [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) en kyk uit vir jou eie van.



## Ons vreemde wye wêreld

### ❑ Vuurpyl rig groot skade aan

'N SKOOLSEUN het £270 000 (meer as R3,5 miljoen) se skade aan 'n woonstelblok veroorsaak deur 'n vuurwerk in sy slaapkamer af te skiet.

Die 11-jarige het 'n vuurpyl in sy kamer in Wene aangesteek, maar dit het teen die gordyne vasgevlieg en 'n brand begin. Die vuur het na woonstel sowel as die een langsaan en bokant versprei. Die hele woonstelblok is ontruim toe brandweermanne gepoog het om die brand te blus.

Niemand is beseer nie, maar twee woonstelle is heeltemal verwoes, onderwyl ander beskadig is.

### ❑ Skoen help met huiswerk

ELECTROLUX het 'n nuwe skoen ontwikkel wat stof opsuig terwyl jy loop.

Die Dustmate word van groen nylon gemaak, met 'n buigbare rubbersool en 'n elastiese kous wat enige voet pas.

Soos jy stap, tel die skoen stof van die vloer af op, waarna jy die kous uitskud.

### ❑ Gevaarlike giggel

'N JONG Australiese vrou het 'n bietjie meer afgebyt as wat sy kon kou toe sy gedurende 'n gesprek oor aandete so hard gelag het dat sy per ongeluk 'n lepel ingesluk het.

Die 26-jarige meisie het die ongeluk oorgekom toe sy deur 'n giggelbui oorval is terwyl sy spaghetti geëet het. Volgens die berig het die lepel bokant haar maag in haar keel vasgesteek. Sy is in die hospitaal verdoof en die lepel is in 'n operasie van 90 minute verwyder.

### ❑ 'n Padda is 'n ding wat . . . ontdooi!

'N BOOMPADDA het wonderbaarlik ontdooi en begin asemhaal nadat hy per abuis in 'n vrieskas in Australië beland het.

Die klein paddatjie was bedek deur 'n laag ys in 'n inloop-yskas, waar die temperatuur -18° C was. Hy het heeltemal herstel.

'n Paddakenner sê dis 'n ongewone storie, maar dat dit moontlik is. Hy weet van Amerikaanse spesies wat gevries en ontdooi kan word, maar dis die eerste keer dat hy hoor dit het met 'n Australiese padda gebeur.

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



### My matras en jou kombes

**"Dan maar deurdruk, hoe gallerig ook al. Solank niemand ontdek wat agter die gordynvoerings aangaan nie."**

**Deur ANNELIE BOTES**

**N**Á die seisoen van konfetti en trou-albums en katelbreektyd ontwaak 'n nuwe seisoen in die grootste gros huwelike. Dis die tyd wanneer kinders inbars en alles omgedolwe word. Geld, tyd en rus is min.

Vurige twiste en noord-suid-opinies is volop. Wat eens lekker geruik het, word 'n stank. Wat mooi was, word afskuwelik. Wat slim geklink het, word beteweterigheid. Soetlemoene verander in bitterappeltjies.

Dan, so 20 of wat jaar ná die konfetti-dag, wanneer die kuikens hoenders word en in hul eie weiland begin skrop, daag 'n ander seisoen op. Jeuktyd, kraptyd, byttyd, skaaflyd. Dis dan wanneer die huweliksbed se voë begin meegee en die wiekelende konstellasië dreig om vloer toe te tuimel.

Ná jare van geldstryd en kinders grootsukkel, sit die eens uitspattig gelukkige huwelikspaar met mekaar opgeskeep. Byna vreemdelinge. Of vyande. Buitentoe lyk alles wel. Almal glo dit gaan góed met ons. ("Ons" is 'n versamelnaam vir wie ook al aan die versameling wil behoort).



ONS hét alles en ons lag en kuier, sing kerkkoor, stap met die hond, hou vak-ansie, koop saam-saam kruideniersware. Oënskynlik die perfekte verbintenis.

Maar agter die voordeur, waar niemand sien of hoor nie, staan die pitsweer 'n goudgeel punt. Barstens gelade met sarkasme, sinisme, ondankbaarheid, erbarmloosheid, humorloosheid. Ons is áltyd gereed om te verskil en te beskuldig; te pik en te amputeer. Ysstiltes en 'n vrot atmosfeer is aan die orde van die dag.

En daar hang ons in die slagyster. Skei kan ons nie, want dis 'n geval van my kombes en jou matras en daar lê die ding.

'n Huweliksberader wíl ons nie, want niemand het energie vir 'n ellelange dermuitygery nie. Dan maar deurdruk, hoe gallerig ook al. Solank niemand ontdek wat agter die gordynvoerings aangaan nie.

Om te kompenseer vir die yskaslewe, pak ons allerhande vernietigende handvuurtjies aan vir hitte. Affairs, drank, pille, pornografie, koopsiekte, vreesiekte, verenigings, oorgodsdienstigheid, werkholisme. Noem maar op.

Ek en die ou gryse het al deur baie driewe geswem. Enkeldiepte, borsdiepte, en soms watergetrap. Dat ons mekaar nie jakkalsgif ingegee het nie, bly 'n mirakel.



EN toe, tydens een van ons doodbliksem-gevegte, kom ons op die kwessie sowel as die oplossing af. Ek sê nie dit sal vir almal werk nie, maar vir ons het dit.

Die kwessie: Spasie. In sy wese bly die mens 'n eenling. Hy wil 'n sirkel om hom kan trek; 'n spasie waaroor hy, en hy alleen, baasskap het. En die huwelik het 'n rare manier om die mens sy eenlingskap te ontnem.

Dis 'n cliché om te sê die huwelik is 'n eenwording van twee mense. Want twee mense kan nooit één word as elke eenling nie 'n heel mens op sy eie is nie. En as die mens van sy spasie beroof word, raak hy soos 'n hondsdol hond wat alles byt.

Die oplossing: spasie. Só baklei ek en die ou gryskop doerie tyd amper tot by die bottel jakkalsgif. Uit beboosheid trek hy met klere, boeke, lessenaar en spanners na die spaarkamer op die boonste verdieping.

En dáár bly hy vandag nog. Wat destyds 'n ek-bliksem-jou- somer-dood-aksie was, het geblyk die antwoord te wees.



Sy kamer is syne. My kamer is myne. Hy kan snork en poep en televisie kyk wanneer hy wil. Ek kan snags my bedliggie aansit en slaapkouse brei as iets my ry. Ek kan dwars oor die bed slaap, en hy kan besluit hoeveel komberse hy oor hom wil hê.

Niemand besweet niemand, en daar is nooit 'n nagtelike gestry nie. En dis salig om uitgerus wakker te word sonder 'n kiere teen jou rug. Of sonder 'n redeloos beneukte vrou langs jou.

Die saligste bly die op- en afsluipery met die trap. Soos outydse *court*. Sondagmiddag gaan lê ek in sy arm. Of ek skrik middelnag wakker as hy fluistervra of hy agter my rug kan lê, want hy verlang na my.

Om boontoe te SMS dat ek my man in my kooi soek, of om sy brekfis trapop te dra en te gaan sê hy's my koning.

Nou se dae kan nie ek óf hy onthou waar ons die jakkalsgif gebêre het nie. Want ek het my kombers en hy het sy matras. En nêrens lê 'n ding nie.

**KAMMANUUS verskyn weer 24 JULIE 2017**